NG Kerk Vrystaat
Vennote in Getuienis

Ligdraers

Julie 2019 ~ Nuusbrief

DIE BOESMANGEMEENTES VAN NAMIBIË SE NOORD-OOSTELIKE STREEK

Sedert die vroeë 1980's was die Vrystaatse Sinode, en veral gemeentes van die Bloemheuwel- en Waterbron Ringe, ten nouste betrokke by werk onder die San (hulleself verkies die term Boesmans) in die Noord-Oostelike streek van Namibië asook die ou Caprivi-strook. Verskeie sendeling-poste is met bydraes uit die Vrystaat gedra. Uit hierdie mooi werk het daar vier Boesman-gemeentes ontstaan: Wildevy, Luhebu-Noord, Tsumkwe en Wes-Caprivi. Hierdie gemeentes het mettertyd volwaardige gemeentes van die NG Kerk Namibië geword.

Die pad tussen Windhoek en Grootfontein, met die wydtes van die Namibiese landskap.

Dit was pionierswerk om hierdie gemeentes te vestig. Die Boesman-gemeenskappe is wyd verspreid. Hulle is baie arm en om verskeie redes is hul opvoedkundige peil steeds laer as die van ander groepe. Baie van hierdie mense is genoodsaak tot 'n oorlewingsbestaan in en van die veld. Soos oor eeue heen gebeur het, ervaar hulle dikwels nog uitbuiting en onderdrukking deur ander groepe en owerhede. Hulle praat verskeie Boesman-dialekte, wat meestal net gepraat en gehoor word (orale kommunikasie) en baie moeilik op skrif gestel of gelees kan word (visuele kommunikasie). Hulle beoefen 'n eeueoue kultuur met 'n tradisionele geloofsisteem waarbinne Christelike geloof-konsepte moeilik grondvat. En tog het daar die laaste klompie dekades lewenskragtige Christelike geloofsgemeenskappe ontstaan, met toegewyde gelowiges!

'n Klompie van die Boesman-leraars saam met Mnr. Andries Gouws, wat voorsitter is van DEGNOS se Beheerraad en binnekort as ouderling met preekbevoegdheid in die NG Gemeente Tsumeb legitimeer en bevestig word.

Tel: +27 (0) 51 406 6729 | Faks: +27 (0) 86 502 0811 | E-pos: missie@ngkvs.co.za | Posbus 11412 | Universitas 9321

In die laaste klompie jare is daar gefokus op die opleiding van inheemse leraars. Deurdagte en toepaslike teologiese kursusse is ontwikkel en aangebied. Die Diens en Getuienis Noord-Oostelike Streek (DEGNOS) is as opleidingsorganisasie op Grootfontein gevestig. Verskeie vrywilligers en vennote, soos teologiese opleiding-instansies, het vir Ds Hendrik van Zyl en sy vrou Elize kom help. (Die Sinode van die Vrystaat dra nog 'n deel van Ds van Zyl se salaris). Hierdie inheemse leraars is uiteindelik as NG Kerk leraars bevestig en met die karige middele tot hulle beskikking is hulle binne die spesifieke konteks baie getroue bedienaars van die Woord. Daar is soveel aangrypende verhale oor hulle opoffering en toewyding – verhale van hoop!

Rondom die planting van gemeentes en opleiding het daar ook ander diakonale projekte gegroei: landbouprojekte, tradisionele hand- en kunsvaardigheid-projekte, kosvoorsiening, die vorming van waardes, ens. 'n Belangrike werksaamheid is die talle kleuterskole wat 'n goeie grondslag vir verdere onderwys lê. Hiervoor het besigheidsinstansies en die owerheid geld begin bewillig. Die mooiste projek is 'n Bybelvertaling-projek onder leiding van die Wycliff organisasie. Dit is 'n moeisame proses waar die Bybel eers net in klank (oraal) vertaal word. Moedertaalsprekers sê in hulle eie woorde (klanke) wat elke teks beteken, en dit word opgeneem en meer kere getoets om so 'n betroubaar moontlike teks daar te stel. Uiteindelik word hierdie klankopnames dan op selfoon-toepassings beskikbaar gemaak. Ds Van Zyl neem leiding in hierdie pragtige Bybelvertalingsprojek.

Ds Fanie Spamer, voorsitter van Vennote in Getuienis, voor die kerksaaltjie op Grootfontein waar die konferensie gehou is.

Die NG Gemeente Grootfontein se kerkgebou.

Die NG Sinode van Namibië en die ringsgemeentes in die gebied het betrokke geraak by al die werk; DEGNOS het 'n groot organisasie met 'n wye vertakking van werksaamhede geword. Maar die projek staan nou voor groot uitdagings. Hoe kan die al die werksaamhede finansieel volhoubaar voortgesit word? Ds Hendrik van Zyl en sy vrou Elize tree binnekort af – hy sukkel ook met sy gesondheid – en wie gaan die werk dan voortsit? Waarop behoort daar nou gefokus te word? Watter skuiwe is nodig? Vir Vrystaatse gemeentes en vir Vennote in Getuienis is die vraag: hoe gaan ons in die toekoms steeds sinvol betrokke bly by hierdie baie mooi werk? Daaroor is daar by die onlangse jaarlikse konferensie in Grootfontein ernstig besin. Dat die werk moet aangaan, daaroor is eenstemmigheid. Nuwe planne en denke en ''n nuwe benadering is egter nodig. En daarmee is tydens hierdie konferensie afgeskop, in vertroue dat die Here wat ons roep, getrou sal wees en sy werk sal volvoer.

Ds Hendrik van Zyl en se vrou Elize – jarelange sendeling-paar wat reusewerk gedoen het in die planting van die Boesman-gemeentes.

Verteenwoordigers van die NG Gemeentes en ondersteuners vergader saam tydens die konferensie op 21 en 23 Junie 2019.

Tel: +27 (0) 51 406 6729 | Faks: +27 (0) 86 502 0811 | E-pos: missie@ngkvs.co.za | Posbus 11412 | Universitas 9321